

Lexikos 34

Lexikos 34

Hoofredakteur / Editor-in-Chief

André H. du Plessis

Mederedakteurs / Associate Editors

Dion Nkomo

Elsabé Taljard

Michele van der Merwe

Sonja Bosch (Duits/German)

Steve Ndinga-Koumba-Binza (Frans/French)

Resensieredakteur / Review Editor

Dané Claassen



African Association for Lexicography

AFRILEX-REEKS 34:2024

AFRILEX SERIES 34:2024



BURO VAN DIE WAT

STELLENBOSCH

Uitgewer Publisher

BURO VAN DIE WAT
Posbus 245
7599 STELLENBOSCH

Kopiereg © 2024 deur die uitgewer
Alle regte streng voorbehou
Eerste uitgawe 2024

Tipografie en uitleg deur Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen
Bandontwerp deur Piet Grobler
Geset in 10 op 12 pt Palatino

ISBN 978-1-990998-53-9
ISSN 2224-0039

Hierdie werk is gelisensieer ingevolge 'n Creative Commons License CC BY 4.0-lisensie.

Licensed under Creative Commons License CC BY 4.0.

Menings wat in artikels en resensies uitgespreek word, is nie noodwendig dié van AFRILEX of die Buro van die WAT nie.

Opinions expressed in the articles and reviews are not necessarily those of AFRILEX or of the Bureau of the WAT.

Lexikos is elektronies beskikbaar by <http://lexikos.journals.ac.za/>

Lexikos is available online at <http://lexikos.journals.ac.za/>

Lexikos is elektronies beskikbaar by Sabinet, AJOL, Ebsco en Proquest

Lexikos is available online from Sabinet, AJOL, Ebsco and Proquest

Indekse Indexes

Arts and Humanities Citation Index® (Clarivate); Asian Digital Library; Current Contents®/ Arts & Humanities (Clarivate); Current Contents®/Social and Behavioral Sciences (Clarivate); ERIH Plus; EuroPub Index; Index Copernicus Journals Master List; Journal Citation Reports/Social Sciences Edition (Clarivate); Linguistic Bibliography Online (Brill); Linguistics Abstracts Online; Linguistics and Language Behavior Abstracts; MLA International Bibliography; R.R.K. Hartmann's Bibliography of Lexicography; SciELO SA; Scopus (Elsevier); Social Sciences Citation Index® (Clarivate); Social Scisearch® (Clarivate)

Adviesraad / Advisory Board

Prof. H.L. Beyer (Namibië/Namibia)
Prof. G.-M. de Schryver (België/Belgium)
Prof. M.J. Domínguez Vázquez (Spanje/Spain)
Prof. P.A. Fuertes-Olivera (Spanje/Spain)
Prof. R.H. Gouws (RSA)
Prof. R. Lew (Pole/Poland)
Prof. T. Margalitadze (Georgië/Georgia)
Prof. P.A. Mavoungou (Gaboen/Gabon)
Prof. D.J. Prinsloo (RSA)
Prof. S. Tarp (Denemarke/Denmark)
Prof. H. Xu (China)

Redaksiekomitee / Editorial Committee

Prof. N. Bosman (RSA)
Dr. E.M. Ella (Gaboen/Gabon)
Prof. Y. Gao (China)
Prof. L. Khumalo (RSA)
Dr. P.A. Louw (RSA)
Dr. L. Mbindi Aninga (Gaboen/Gabon)
Dr. L. Morris (RSA)
Prof. E. Ndlovu (Zimbabwe)
Dr. G. Odendaal (RSA)
Dr. R.N. Ossai (Nigerië/Nigeria)
Dr. A. Ostroški Anić (Kroasië/Croatia)
Prof. T.J. Otlogetswe (Botswana)
Prof. A.N. Otto (RSA)
Dr. S. Wolfer (Duitsland/Germany)

Inhoud / Contents

Voorwoord	x
Foreword	xiii
<i>André H. du Plessis</i>	
'n Woord van AFRILEX	xvi
A Few Words from AFRILEX	xvii
<i>Langa Khumalo</i>	
Redaksionele doelstellings	xviii
Editorial Objectives	xix

Artikels / Articles

Der Effizienz- und Intelligenzbegriff in der Lexikographie und künstlichen Intelligenz: kann ChatGPT die lexikographische Textsorte nachbilden?	51
<i>Iván Arias-Arias, María José Domínguez Vázquez und Carlos Valcárcel Riveiro</i>	
Exploring Dictionary Preferences: A Comparative Study of EFL and GFL Learners in Hungarian Higher Education	419
<i>Balázs Fajt</i>	
<i>This, Thing, Fervor, Fulfilment: The Treatment of Pronunciation and Spelling in Dictionaries of the Slovenian Immigration</i>	141
<i>Donna M.T.Cr. Farina, Marjeta Vrbinc and Alenka Vrbinc</i>	
Making Lexicography Sustainable: Using ChatGPT and Reusing Data for Lexicographic Purposes	123
<i>Pedro A. Fuertes-Olivera</i>	
Algorithmic Complexity and Learnability in German Monolingual Learner Lexicography. A Case Study	166
<i>Alberto Galván-Santana</i>	

How Can We Raise Strategic Dictionary Use in the Classroom: The Effect of a Dictionary Awareness Program on Dictionary Use Strategies <i>Zoe Gavriilidou, Angelos Markos and Evanthia Konstantinidou</i>	99
Aspekte van inligtingsonttrekkingstrukture in aanlyn woordeboeke <i>Rufus H. Gouws en Theo J.D. Bothma</i>	355
The Inclusion of Neologisms in the Revision of the <i>Grand Diction- naire Chinois–Français Contemporain</i> <i>Fang Huang and Jianhua Huang</i>	469
Training an AI-based Writing Assistant for Spanish Learners: The Usefulness of Chatbots and the Indispensability of Human-assisted Intelligence <i>Ángel Huete-García and Sven Tarp</i>	21
Adaptation and Validation of the Strategy Inventory for Electronic Dictionary Use (S.I.E.D.U.) for Chinese Learners <i>Lingling Li, Hui Wang and Hai Xu</i>	245
Using Generative AI to Provide High-Quality Lexicographic Assistance to Chinese Learners of English <i>Qian Li and Sven Tarp</i>	397
Using Semi-automated Term Extraction for IsiNdebele Health Terminology <i>Nomsebenzi Malele and Sonja Bosch</i>	269
Bridging across Polysemic Senses in Bilingual Specialized Diction- aries for ESP Learners <i>Huaguo Lu and Yundong Geng</i>	486
Grammatical Data in the <i>Dictionary of Montenegrin National and Literary Language</i> <i>Sonja Nenezić</i>	218
Dictionaries in Context, Context in Dictionaries: Legal Translation Tools <i>Sandro Nielsen</i>	288

Making African Dictionaries More African <i>Thapelo J. Otlogetswe</i>	309
Academic Word Families in Online English Dictionaries <i>Geraint Paul Rees</i>	437
Le Processus de Numérisation de la Lexicographie en Roumanie: Présent et Perspectives <i>Elena Isabelle Tamba</i>	1
L'Evolution de la Terminologie de la Plasturgie entre 1963–2018: Analyse Diachronique et Synchronique <i>Valentina-Nicoleta Văsioiu et Marilena Milcu</i>	371
Dictionary Use Training in Secondary School EFL Textbooks in Taiwan <i>Wai-on Law</i>	77

Projekte / Projects

The Current State of the OBI DICT Project: A Bilingual e-Dictionary of Oracle-Bone Inscriptions with AI Image Recognition <i>Yang Jin and Shuo Wen</i>	198
--	-----

Leksikonotas / Lexiconotes

Defining Feminine Personal Nouns in Polish: A Practical and Postu- lative Overview Based on the <i>Dictionary of Polish Female Nouns</i> <i>Agnieszka Małocha</i>	236
On the Inclusion of Neologisms in <i>Oxford Advanced Learner's Dic- tionary</i> (10th edition) <i>Anmin Wang and Xi Chen</i>	41

Leksikovaria / Lexicovaria

A Scoping Review of Studies into Dictionary Use and Language Learning <i>Xiaoshuai Ge, Songshan Zhang, Hai Xu and Xian Zhang</i>	331
--	-----

Resensies / Reviews

Hou Min. *A Dictionary of Chinese Neologisms (2000–2020)* 189
Yongwei Gao

Heming Yong, Jing Peng and Xiangming Zhang. *Chinese Lexicography in the Twentieth Century* 213
Yuanwen Zhang

Publikasieaankondigings / Publication Announcements 509

Voorskrifte aan Skrywers 510
Instructions to Authors 511

Voorwoord

Soos 2023, het 2024 opwindende veranderinge en interessante uitdagings ingehou. Dit was 'n bedrywige jaar vir die *Lexikos*-span en 'n lywige uitgawe het die lig gesien. My tweede jaar as hoofredakteur het vir leergeleenthede sowel as oomblikke van genot gesorg. Om op hierdie unieke manier te kan verseker dat die leksikografiese diskoers gestimuleer word, is 'n voorreg en lekkerte wat nie elke leksikograaf noodwendig ervaar nie. Dit bly 'n eer om aan die stuur van 'n tydskrif met 'n wesenlike internasionale aansien te wees. Ek wil graag my opregte waardering aan die AFRILEX-raad en my mederedakteurs oordra vir die vertroue wat hulle in my stel, asook vir hulle deurlopende ondersteuning. Baie dankie ook aan AFRILEX vir die onderstand wat die assosiasie aan *Lexikos* verleen.

Lexikos is, soos telkens in die verlede vasgestel, 'n spanpoging en dit is regtig aangenaam om deel van so 'n uiters bekwame span te wees. 'n Spesiale woord van dank aan proff. Elsabé Taljard en Dion Nkomo vir die uitstekende werk wat hulle as mederedakteurs gedoen het, asook die waardevolle raad en bystand wat hulle gebied het. Baie dankie ook aan dr. Steve Ndinga-Koumba-Binza vir sy volgehoue en knap werk as Franse redakteur, ten spyte van nog 'n jaar met verskeie swarighede en struikelblokke. Dankie ook aan dr. Dané Claassen vir die goeie werk met die resensies. Resensies is 'n integrale deel van *Lexikos* se aanbieding en haar moeite daarmee gaan nie ongesiens verby nie. Aan mee. Tanja Harteveld en Hermien van der Westhuizen van die WAT, wil ek namens die redaksie opreg dankie sê vir hulle toewyding aan die stiptelike en professionele set en afronding van vanjaar se uitgawe, die administratiewe bystand, asook vir hulle bekwaamheid met al die ad hoc-take wat deur die loop van die jaar opgeduik het. Dit is ook hier waar ek moet noem dat die *Lexikos*-span vanjaar twee nuwe lede bygekry het, te wete proff. Sonja Bosch en Michele van der Merwe. Prof. Bosch sluit by ons aan as Duitse redakteur en prof. Van der Merwe as mederedakteur. Dit is vir *Lexikos* 'n besondere voorreg om nog twee wêreldklas akademici en redakteurs in die redaksie te verwelkom. Beide proff. Bosch en Van der Merwe bring jare se leksikografiese en akademiese ervaring en hulle aanstelling is weliswaar 'n aanwinst vir die span. Namens *Lexikos* en AFRILEX wil ek hulle hartlik bedank vir hulle bereidwilligheid en toewyding en vir die uitnemende werk wat hulle vanjaar gedoen het.

Die aanstelling van proff. Bosch en Van der Merwe het dit ook vir die redaksie moontlik gemaak om die redaksionele werksverdeling en struktuur te hersien. Daar is besluit dat ek vir die afsienbare toekoms die posisie van hoofredakteur sal beklee, met sowel redaksionele as oorhoofse administratiewe pligte. Proff. Bosch, Nkomo, Taljard en Van der Merwe en dr. Ndinga-Koumba-Binza dien voorts as mederedakteurs, en dr. Claassen as resensieredakteur. Hierdie herstrukturering is ter voordeel van die redaksionele werksverdeling, aangesien die mederedakteurs op hulle nodige akademiese en redaksionele take kan fokus met aan-

sienlik minder van die administratiewe las, terwyl ek die administratiewe sake saam met mee. Harteveld en Van der Westhuizen kan bestuur. Ek sal steeds my verwagte pligte as redakteur nakom, maar met groter ondersteuning van die mederedakteurs. Hierdie struktuur het ook tot gevolg dat die stelsel van roterende hoofredakteur tot 'n einde kom, wat vir kontinuïteit en verbeterde koördinasie tussen die hoofredakteur en mederedakteurs sorg. Tot dusver het hierdie struktuur goed gewerk en die hoop is dat dit 'n stabiele en volhoubare redaksionele en administratiewe grondslag vir die tydskrif sal verseker.

'n Tweede groot verandering wat van vanjaar plaasgevind het, is die hernuwing van *Lexikos* se adviesraad en redaksiekomitee. Die adviesraad en redaksiekomitee is veral steunpilare vir die redaksie, maar moet van tyd tot tyd hersien word om te verseker dat *Lexikos* aan die wetenskaplike en administratiewe vereistes van o.a. die Suid-Afrikaanse Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voldoen. Hiermee word ook verseker dat die lede van hierdie liggame steeds aktief in die vakgebied is. Ons is die uitgaande adviesraad en redaksiekomitee baie dank en waardering verskuldig vir hulle jarelange diens en ondersteuning. Namens die redaksie wil ek ook graag die inkomende raad en komitee verwelkom en by voorbaat bedank vir hulle gewilligheid, steun en goedgesindheid.

Lexikos sou natuurlik nie sonder sy outeurs en hulle bydraes kon voortbestaan nie. Vanjaar se uitgawe bevat interessante, unieke en relevante bydraes wat heelwat stof tot nadenke bied. Die gebruik van of rol van KI in die leksikografie is veral tans 'n belangrike onderwerp wat ook in hierdie uitgawe te voorskyn kom. Daar is vier artikels wat hierdie onderwerp op insiggewende maniere en vanuit verskillende perspektiewe bespreek. Die artikels wat Afrika-leksikografie sterk bevorder, lewer eweneens waardevolle bydraes. Verder is daar ook betekenisvolle bydraes oor pedagogiese leksikografie, aanlyn woordeboeke, historiese woordeboeke, terminologie, gespesialiseerde leksikografie, en sosiale en unieke kwessies in die metaleksikografie en leksikografiepraktyk. Naas ons outeurs uit Afrika, is daar 'n wonderlike verskeidenheid stemme uit verskillende dele van die wêreld, soos China, Denemarke, Griekeland, Roemenië, Spanje en Slowenië, wat ook die omvang en diversiteit van ons vakgebied illustreer. Baie dankie aan die outeurs wat *Lexikos* gekies het om hulle navorsing en kundigheid te deel. Die redaksie is ook dankbaar vir al die outeurs se samewerking en positiewe gesindhede.

Lexikos is in besonder van sy kranige portuurbeoordelaars afhanklik. Die redaksie is innig dankbaar vir die onskatbare bydraes van elke keurder wat vanjaar by portuurbeoordeling betrokke was, en daardeur verseker het dat die hoë wetenskaplike standaard van hierdie tydskrif gehandhaaf word.

Ons het vanjaar met groot leedwese verneem van die heengaan van twee leksikografiese reuse: Patrick Hanks, wat in Februarie oorlede is, en Reinhard Hartmann, in September. Die baanbrekerswerk wat hulle in die leksikografie sowel as linguistiek gedoen het, kan nie onderskat word nie. Beide Hanks en Hartmann het ongetwyfeld leksikografiese praktyke, teorieë, navorsing en aktiwiteite op verskeie vlakke sinvol en beduidend verander, verbeter en uitgedaag. Hulle toewyding aan die leksikografie, hulle ongelooflike passie en betrokken-

heid by verskeie aspekte daarvan, moet as dié voorbeeld vir enige aspirantleksikograaf dien. Dit is 'n enorme verlies vir ons vakgebied en ons wil graag ons meegevoel aan elkeen van hulle geliefdes, vriende, kollegas en medewerkers oordra.

Die *Lexikos*-span het vanjaar 'n nuwe protokol vir die publisering van spesiale uitgawes ingestel, die redaksionele beleid verfyn en 'n nuwe aanlyn verwysingsgids vir outeurs beskikbaar gestel. Hierdie klein, dog belangrike verbeteringe, maak dat *Lexikos* op alle vlakke op standaard bly en dat hierdie standarde in die toekoms gehandhaaf kan word. Mag hierdie uitgawe 'n weerspieëling hiervan wees en ook 'n sinvolle bydrae tot die leksikografie as vakgebied lewer.

André H. du Plessis
Redakteur

Foreword

Like 2023, 2024 brought exciting changes and interesting challenges. It was a productive year for the *Lexikos* team which saw a sizeable volume published. My second year as editor-in-chief provided opportunities to learn as well as moments of enjoyment. Being in a position to stimulate the lexicographic discourse in this unique way is a privilege and a pleasure that does not befall many a lexicographer. It is an enduring honour to be at the helm of a journal with a substantial international standing. I would like to express my heartfelt appreciation to the AFRILEX board and my associate editors for their continued support and trust in me. A big thank you to AFRILEX for the financial aid also provided to *Lexikos*.

Lexikos is, as determined time and time again, a team effort and it is especially gratifying to be part of such a highly proficient team. A special word of thanks to Profs Elsabé Taljard and Dion Nkomo for the outstanding work delivered as associate editors, as well as for all their valuable guidance and assistance. Thank you also to Dr Steve Ndinga-Koumba-Binza for his untiring and deft work, despite another year of personal difficulties and obstacles. Thank you to Dr Dané Claassen for the good work with the reviews. Reviews are an integral part of *Lexikos*' offering and Dr Claassen's efforts do not go unnoticed. On behalf the editors, I would like to sincerely thank Mss Tanja Hartevelde and Hermien van der Westhuizen from the WAT, for their devotion in promptly and professionally typesetting and finalising this year's issue, for their proficiency with the overall production of the journal, their administrative support and for their efficiency with all the ad hoc tasks that popped up during the year. It is also here that I have to note two additions to the *Lexikos* team. Prof Sonja Bosch joins the team as German editor and Prof Michele van der Merwe as associate editor. It is a distinct honour for *Lexikos* to welcome two more world-class academics and editors to the editorial team. Profs Bosch and Van der Merwe bring years of lexicographic and academic experience, and they are truly valuable additions to the team. On behalf of *Lexikos* and AFRILEX, I would like to thank them for their willingness and devotion to the journal, and for the excellent work done.

The appointments of Profs Bosch and Van der Merwe enabled the editorial team to review the editorial structure and subsequent division of work. The decision was made that I will continue as editor-in-chief for the foreseeable future, with both editorial and administrative responsibilities. Profs Bosch, Nkomo, Taljard and Van der Merwe, and Dr Ndinga-Koumba-Binza will continue to serve as associate editors, while Dr Claassen remains reviews editor. This restructuring is advantageous for the division of work as associate editors can now focus on their academic and editorial responsibilities without bearing a heavy administrative load as well. I, along with Mss Hartevelde and Van der

Westhuizen, will manage much of the administrative matters. I will of course still fulfil my responsibilities as editor, but with more support from the other editors. This new structure also means that the system of rotating editorship comes to an end. This will guarantee more continuity and better coordination between editors. Thus far the new structure has worked well, and we are hopeful that it will lay a stable and sustainable editorial and administrative foundation for the journal.

Another major change that occurred this year is the renewal of *Lexikos'* advisory board and editorial committee. The advisory board and editorial committee are mainstays for the editorial team, but these bodies need to be reviewed and renewed from time to time to ensure that the journal meets the necessary academic and administrative requirements determined by, inter alia, the South African Department of Higher Education and Training. This renewal process is also undertaken to ensure that the members of these bodies are still active in the field of lexicography. We owe a great debt of gratitude and appreciation to the outgoing advisory board and editorial committee for their years of service and support. On behalf of the editorial team, I would like to welcome the incoming members of these bodies and thank them in advance for their readiness, assistance and goodwill.

Lexikos would of course not be able to exist without its authors and their contributions. This year's volume contains interesting, unique, relevant and thought-provoking contributions. The use and role of AI in lexicography is an incredibly significant and important topic that also appear in this volume. It is insightfully tackled in four articles with each presenting a distinct perspective. The articles that strongly promote African lexicography, make valuable contributions. Furthermore, there are articles of note that discuss pedagogical lexicography, online dictionaries, historical dictionaries, terminology, specialised lexicography, and social and unique issues in both theoretical and practical lexicography. The local contributions are joined by a wonderful array of voices from various parts of the globe, such as China, Denmark, Greece, Romania, Spain and Slovenia, which typify the scope and diversity of our field. A big thank-you to the authors who chose *Lexikos* as a platform to share their expertise and research. The editors are grateful for all the authors' worthy contributions and for their positive cooperation and attitudes.

Lexikos is dependent on its expert peer reviewers. The editors are deeply indebted to each adjudicator that assisted with this year's peer review process, ensuring that our exacting scientific standards are maintained.

This year we learnt with heavy hearts about the passing of two lexicographic giants: Patrick Hanks, who passed away in February, and Reinhard Hartmann, who passed in September. Their pioneering work in the fields of lexicography and linguistics cannot be underestimated. Undeniably, both Hanks and Hartmann notably and meaningfully transformed, improved and challenged lexicographic practices, theories, research and activities on many different levels. Their devotion to, passion for and their involvement in the many distinct aspects of lexicography, can serve as the example for any aspiring lexicographer. It is an

enormous loss for our discipline, and we send our condolences to all their loved ones, friends, colleagues and collaborators.

Lastly, this year the *Lexikos* team implemented a new protocol for the publication of special issues, refined the editorial policy and made a new online reference guide available to authors. These small, yet valuable improvements, ensure that *Lexikos'* standards are maintained and that they will be upheld in the future. May this year's volume be a worthy contribution to the field of lexicography, as well as a reflection of the aforementioned high standards.

André H. du Plessis
Editor

'n Woord van AFRILEX

Die *African Association for Lexicography* (AFRILEX) se Raad wens die *Lexikos*-span, onder leiding van die hoofredakteur, André du Plessis, en die uitgewer, die Buro van die WAT, hartlik geluk met die suksesvolle publikasie van vanjaar se *Lexikos*. Die Raad is deurgaans bewus van die deeglike werk wat deur die redaksie gedoen word. Hulle stiptheid, noukeurigheid en deskundigheid in die veld sorg dat die hoë standaarde van die tydskrif gehandhaaf word.

Lexikos bly 'n belangrike mondstuk vir die toonaangewende navorsing van AFRILEX-lede, beide in Afrika en globaal. Ná die suksesvolle afhandeling van die 28ste Internasionale AFRILEX-kongres, waar die Universiteit van Pretoria die gasheer was en wat ook 'n hibriediese Globalex-werkswinkel ingesluit het, is daar 'n toename in *Lexikos*-bydraes van outeurs buite (Suid-)Afrika. Hoewel dit die internasionale omvang en strekking van die tydskrif vergroot, is daar ook 'n doelgerigte poging om by plaaslike navorsers belangstelling te kweek en bydraes aan te moedig.

Die 28ste Internasionale AFRILEX-kongres het ook twee spesiale sessies bevat: een vir die Nasionale Leksikografie-eenhede en een vir plaaslike woordeboek-uitgewers. Hierdie twee sessies het vir 'n unieke samesmelting van woordeboek-teorie, -praktyk, -beginsels en -gebruik in (Suid-)Afrika en elders gesorg. Gevolglik ontstaan die potensiaal vir 'n toenemende en interessante navorsingskoers wat aandag aan hierdie samesmelting kan gee, en waaruit vele sinvolle bydraes in die toekoms sal spruit.

Ek wil weereens die belangrike rol wat die Buro van die WAT oor die jare as uitgewer van *Lexikos* vertolk het, herhaal. Die Buro van die WAT bly 'n sleutel-en-strategiese vennoot van AFRILEX. Namens die AFRILEX-Raad, en ook die algemene AFRILEX-lede wêreldwyd, wil ek die *Lexikos*-span, die Buro van die WAT en die outeurs wat bygedra het tot hierdie uitgawe, opreg bedank. Dit is nog 'n noemenswaardige bydrae tot die leksikografie as wetenskap.

Langa Khumalo
President: AFRILEX

A Few Words from AFRILEX

The African Association for Lexicography (AFRILEX) Board wants to congratulate the *Lexikos* team, under guidance of the Editor-in-Chief, André du Plessis, and the publisher, the Bureau of the WAT, for the successful publication of this year's volume. The Board remains mindful of the sterling work that is done by the *Lexikos* editors. Their stringency, meticulous attention to detail and expertise in the field has helped maintain the very high standards of the journal.

Lexikos remains an important mouthpiece of the cutting-edge research that is done by the AFRILEX members in Africa and globally. Following the successful hosting of the 28th International AFRILEX Conference at the University of Pretoria, that also included the Globalex workshop as a special hybrid session, there is an increased number of articles published in this *Lexikos* volume from authors outside South Africa. While this increases the international footprint and reach of the journal, there is a concerted effort to cultivate and grow interest and contributions from (South) African researchers.

The 28th International AFRILEX Conference also saw two more special sessions. These were the National Lexicography Units' session and the Publishers' session. These two special sessions brought a unique conflation of theory, practice, principles, and usage of dictionaries in (South) Africa and globally. As a result, there is potential for an interesting and growing scholarship that looks at these intersections, and we look forward to more interesting publication outcomes in future.

I want to reiterate the important role that the Bureau of the WAT has played over the years as the publisher of *Lexikos*. The Bureau of the WAT remains a key and strategic partner of AFRILEX. On behalf of the AFRILEX Board, and indeed the general members of AFRILEX world-wide, I sincerely thank the *Lexikos* team, the Bureau of the WAT, and the contributing authors to this *Lexikos* volume. It is another important contribution to the scholarship of lexicography.

Langa Khumalo
President: AFRILEX

Redaksionele doelstellings

Lexikos is 'n tydskrif vir die leksikografiese vakspecialis en word in die AFRILEX-reeks uitgegee. "AFRILEX" is 'n akroniem vir "leksikografie in en vir Afrika". Van die sesde uitgawe af dien *Lexikos* as die amptelike mondstuk van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX), onder meer omdat die Buro van die WAT juis die uitgesproke doel met die uitgee van die AFRILEX-reeks gehad het om die stigting van so 'n leksikografiese vereniging vir Afrika te bevorder.

Die strewe van die AFRILEX-reeks is:

- (1) om 'n kommunikasiekanaal vir die nasionale en internasionale leksikografiese gesprek te skep, en in die besonder die leksikografie in Afrika met sy ryk taleverskeidenheid te dien;
- (2) om die gesprek tussen leksikograwe onderling en tussen leksikograwe en taalkundiges te stimuleer;
- (3) om kontak met plaaslike en buitelandse leksikografiese projekte te bewerkstellig en te bevorder;
- (4) om die interdisiplinêre aard van die leksikografie, wat ook terreine soos die taalkunde, algemene taalwetenskap, leksikologie, rekenaarwetenskap, bestuurskunde, e.d. betrek, onder die algemene aandag te bring;
- (5) om beter samewerking op alle terreine van die leksikografie moontlik te maak en te koördineer, en
- (6) om die doelstellings van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX) te bevorder.

Hierdie strewe van die AFRILEX-reeks sal deur die volgende gedien word:

- (1) Bydraes tot die leksikografiese gesprek word in die vaktydskrif *Lexikos* in die AFRILEX-reeks gepubliseer.
- (2) Monografiese en ander studies op hierdie terrein verskyn as afsonderlike publikasies in die AFRILEX-reeks.
- (3) Slegs bydraes wat streng vakgerig is en wat oor die suiwer leksikografie of die raakvlak tussen die leksikografie en ander verwante terreine handel, sal vir opname in die AFRILEX-reeks kwalifiseer.
- (4) Die wetenskaplike standaard van die bydraes sal gewaarborg word deur hulle aan 'n komitee van vakspecialiste van hoë akademiese aansien voor te lê vir anonieme keuring.

Lexikos sal jaarliks verskyn, terwyl verdienstelike monografiese studies sporadies en onder hulle eie titels in die AFRILEX-reeks uitgegee sal word.

Editorial Objectives

Lexikos is a journal for the lexicographic specialist and is published in the AFRILEX Series. "AFRILEX" is an acronym for "lexicography in and for Africa". From the sixth issue, *Lexikos* serves as the official mouthpiece of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX), amongst other reasons because the Bureau of the WAT had the express aim of promoting the establishment of such a lexicographic association for Africa with the publication of the AFRILEX Series.

The objectives of the AFRILEX Series are:

- (1) to create a vehicle for national and international discussion of lexicography, and in particular to serve lexicography in Africa with its rich variety of languages;
- (2) to stimulate discourse between lexicographers as well as between lexicographers and linguists;
- (3) to establish and promote contact with local and foreign lexicographic projects;
- (4) to focus general attention on the interdisciplinary nature of lexicography, which also involves fields such as linguistics, general linguistics, lexicology, computer science, management, etc.;
- (5) to further and coordinate cooperation in all fields of lexicography; and
- (6) to promote the aims of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX).

These objectives of the AFRILEX Series will be served by the following:

- (1) Contributions to the lexicographic discussion will be published in the specialist journal *Lexikos* in the AFRILEX Series.
- (2) Monographic and other studies in this field will appear as separate publications in the AFRILEX Series.
- (3) Only subject-related contributions will qualify for publication in the AFRILEX Series. They can deal with pure lexicography or with the intersection between lexicography and other related fields.
- (4) Contributions are judged anonymously by a panel of highly-rated experts to guarantee their academic standard.

Lexikos will be published annually, but meritorious monographic studies will appear as separate publications in the AFRILEX Series.

